

14 September

Skrifgedeelte: Romeine 16:1-27 (OAV)

Fokusgedeelte: Romeine 16:16, 17, 20, 27

## Hou aan Christus en mekaar vas!

Paulus sluit die Romeinebrief af met 'n *groet*, 'n *vermaning* en met 'n *bemoediging*. Die *groeteboodskap* behels dat hy 27 bekendes in Rome by die naam noem. Daardeur wil hy 'n positiewe gesindheid tussen hom en die Rome-gemeente kweek. Hy sê daarmee ook dat die gelowiges in Rome vir hom saak maak. Daar is 'n sekere eienskap wat by hulle almal voorkom: Hulle is almal werkers vir Christus. Hulle is mense wat moeite gedoen het en hulleself geoffer het vir die Here. Sommige het selfs in die tronk gesit vir die Here se saak. Die opdrag wat hy aan hulle gee is: Groet mekaar met 'n heilige kus (soen). Dit is 'n teken van 'n heilige gemeenskap (verbondenheid) met mekaar. Ook die ander gemeentes groet hierdie gemeente. Daarmee word gesê: Ons is een familie in Christus. Ons hoort bymekaar. Staan dan bymekaar! Hou aan mekaar vas!

Die *vermaning* behels: Pasop! Vir diegene wat verdeeldheid veroorsaak; vir diegene wat mense afvallig maak van die ontwyfelbare geloof. Wees op die uitkyk, bly van hulle af weg! Hulle is instrumente van Satan wat God se kerk wil afbreek. Hierdie mense bevredig net hulle eie drange. Maar bly julle net in dit wat julle geleer het (16:19). Die waarheid van God moenie afgewater word nie!

Daar is drie *bemoedigings*: “Die God van vrede sal Satan spoedig onder julle voete verbrysel” (16:20). “Die genade van onse Here Jesus Christus sy met julle. Amen” (16:20b, 24). En: “Aan die alleenwyse God, aan Hom die heerlikheid deur Jesus Christus tot in ewigheid! Amen” (16:27).

“Amen” beteken: “dis waar en seker”. Waarlik: God heers as hoogste heer! Waarlik: God se genade wat Hy deur onse Here (ons Eenaar) Jesus (ons Verlosser) Christus (die Gesalfde) vir ons gegee het, sal altyd by ons wees! Waarlik: Die heerlikheid kom GóD toe! Hou aan HóM vas!

Sing: Psalm 9:1, 2, 7 (1936)

Ds AH Stavast (Kroonstad)